# Die kruipfase van lammers: 'n Elite-perspektief

*Deur Sjoerd Ten Cate (Pr.Sci.Nat.), Feedtek*

Doeltreffende produksie is van kardinale belang in moderne veeboerdery. Met betrekking tot die bestuur van skaapkuddes het daar oor die jare heelwat ontwikkeling plaasgevind, veral op die terrein van meer intensiewe bestuurstelsels. Een van die uitwerkings van intensiewe skaapbestuurstelsels is dat die gewildheid van kruipvoeding geweldig toegeneem het.

## Waarde van kruipvoeding

Van die belangrikste aspekte wat deur kruipvoeding bevorder word, sluit in:

- Optimale benutting van jong lammers se voordelige voeromsetdoeltreffendheid.
- Vroeër bereiking van speenmassa.
- Vermindering van speenskok.
- Makliker en verbeterde aanpassing van lammers in voerkrale, met gevolglike laer uitskotpersentasies.
- Behoud van ooie se kondisie met gepaardgaande hoër besettingsyfers.

In die tydperk vanaf geboorte tot speen vind daar egter baie dinge plaas wat in gedagte gehou moet word om akkurate bestuursbesluite te neem. Met dié uitgangspunt word 'n paar aspekte wat nie altyd die nodige aandag geniet nie, hieronder uitgelig.

## Voedingspeil en potensiaal

Die voedingspeil van lammers na geboorte, beïnvloed die aantal sekondêre wolfollikels wat uiteindelik wol kan produseer. Ondervoeding van jong lammers kan dus toekomstige wolproduksie drasties verlaag. Kleiner hoeveelhede sekondêre wolfollikels lei ook tot 'n hoër gemiddelde veseldikte weens die groter verhouding primêre follikels wat sterker vesel produseer. Sorg dus dat ooie maksimaal melk produseer – dit bly lammers se hoofbron van voedingstowwe.

Ooilammers wat vroeg in hulle lewe ondervoed is, se toekomstige ovulasietempo sal laer wees, wat beteken dat hulle minder lammers in hul leeftyd sal produseer. Waak egter ook teen oorvoeding van jong ooie, aangesien dit toekomstige melkproduksie kan verlaag weens vetneerlegging in die melkkliere van die ontwikkelende uier.

## Volgehoue groeitempo

Sorg dat lammers tydens die kruipfase nie minder nie as 'n gemiddeld van 175g/dag groei. Indien die doelwit is om op 90 dae lammers van minstens 25kg gemiddeld te speen, moet die lammers se gemiddelde daaglikse toename (GDT) byvoorbeeld 233g/dag wees (geboortegewig van 4kg ingereken). 'n Goeie mikpunt is dus GDT's van tussen 230 en 250g/dag. Waar vinniger groei die oogmerk is, moet ekstra aandag aan die hoeveelheid en gehalte natuurlike proteïen in die kruipvoer gegee word.

Lammers wat goeie gehalte kruipvoer ontvang, se rumens sal rondom die ouderdom van agt weke ten volle ontwikkel wees, wat beteken dat hulle ruvoer ten volle kan benut. Teoreties het hierdie lammers dus vanaf agt weke nie meer melk nodig nie.

Waar lammers nie kruipvoer ontvang nie, kan verwag word dat hulle rumens op ongeveer 12 weke eers ten volle ontwikkel sal wees. Derhalwe is dit veiliger om op 70+ dae te speen, eerder as op 60 dae. Lammers wat op 60 dae gespeen word moet dus direk voerkraal toe gaan, waar hulle nie op ruvoer staat hoef te maak vir groei nie.

## Spesiale mengsels

Vir boere wat self kruipvoer meng, het Feedtek 'n spesiale kruipvoerkonsentraat ontwikkel. Lamb Creep 80 (V30940) is 'n proteïen-, mineraal-, spoormineraal- en vitamien-makrovoormengsel vir die vermenging van hoë gehalte kruipvoer op die plaas. 'n Elite-opsie, wat nóg meer van die lam se potensiaal ontgin met behulp van natuurlike voerbymiddels om rumenontwikkeling te versnel, is ook beskikbaar.

Met die Elite-benadering kan daar uitgesien word na:

- Afnames in spysverteringsongesteldhede soos diarree.
- Stimulering van droëmateriaalinname.
- Verbeterde voerbenutting.
- Versnelde groei en ontwikkeling van die lam.
- Beter ruvoerbenutting op 'n vroeër ouderdom.
- Bereiking van speengewig op 'n jonger ouderdom.
- Minder lammers wat nie in die voerkraal presteer nie.



*Lammers wat goeie gehalte kruipvoer ontvang is vroeër gereed om ruvoer ten volle te kan benut.*

Raadpleeg jou Feedtek-verteenwoordiger vir kundige advies oor die samestelling van 'n gebalanseerde kruipvoer.

Vir meer inligting, skakel 086 111 5362, stuur 'n epos na info@feedtek.co.za of besoek www.feedtek.co.za.